GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# DISTRIK: GAUTENG-WES

# GEMEENSKAPLIKE EKSAMEN
# NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL
# VRAESTEL: 1 (TAAL IN KONTEKS)

# GRAAD: 10

Punte: 70
Tyd: 2 uur

*Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en vyf vrae

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip (Vraag 1) | 30 punte |
| AFDELING B: Opsomming (Vraag 2) | 10 punte |
| AFDELING C: Taal in konteks (Vraag 3, 4 en 5) | 30 punte |

2. Beantwoord AL VYF die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsberekening:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

*Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**GEBRUIK POKéMON GO VEILIG**




1 Die wêreld is behoorlik aan die gons oor die nuwe werklikheidspeletjie, Pokémon Go! Terwyl dit baie positiewe punte bevat, is dit egter noodsaaklik vir gebruikers om bewus te wees van die potensiële gevare wat die speletjie mag inhou.

2 Pokémon Go, deur Nintendo, is ’n wêreldwye verskynsel, wat tans nog net amptelik beskikbaar is in Australië, Nieu-Seeland en die VSA, en al moet dit nog amptelik in Suid-Afrika beskikbaar gestel word, het dit nie gebruikers daarvan weerhou om tog hierdie plek-gebaseerde werklikheidspeletjie op een of ander manier af te laai nie. Pokémon Go is reeds op die punt om *Twitter* verby te steek wat daaglikse aktiewe gebruikers op Android betref. Dit het ook reeds die rekord laat spat vir die selfoonspeletjie wat die meeste afgelaai is ter wêreld.

3 Die speletjie - wat geskoei is op Japanse karaktertjies uit die 1990s - gebruik jou foon se GPS-navigator en horlosie om te bepaal waar en hoe laat jy jou in die speletjie bevind. Pokémon verskyn dan op jou foon se skerm, sodat jy hom kan vang. Meer gedaantes van Pokémon verskyn soos wat jy beweeg, afhangend van die tyd en plek waar jy is. Die idee is dat jy jou werklike omgewing moet verken om hom te kan vastrek. Dié kombinasie van speletjie en werklikheid staan bekend as aangehelpte werklikheid (augmented reality).

4 Hier is ses wenke om Pokémon Go veilig te gebruik.

5 **Laai die toepassing slegs van betroubare winkels af.** Daar is reeds onbetroubare weergawes van Pokémon Go beskikbaar. Hou eerder by die *Apple* en *Google Stores* en kies eerder die weergawe van die toepassing (app) wat meer kere afgelaai is as enige ander toepassing in die wêreld. Moenie in die versoeking kom om op ander, onbetroubare plekke te kyk wanneer die aflaai-tyd te lank na jou sin neem nie. Onthou, dit sal stadig wees omdat so baie mense die toepassing probeer aflaai. As jy twyfel, kan jy die lêer skandeer om te verseker die sagteware is veilig.

6 **Moenie met *Google* inteken nie.** 'n Verdere probleem wat ontstaan as gevolg van derduisende gebruikers wat die toepassing probeer aflaai, is dat gebruikers sukkel om direk deur die Pokémon-webblad in te teken. Die speletjie se vervaardiger het daarom die opsie bygevoeg om met jou *Google*-rekening in te teken. Die probleem hiermee is dat dit die aanvanklike iOS-weergawe makliker toegang tot jou *Google*-rekeningbesonderhede gegee het. Die jongste weergawe van die speletjie maak melding hiervan, maar as jy sekondêre webblaaie soos *Google* of *Facebook* gebruik om in te teken, is daar baie oorwegings oor privaatheid wat jy moet opweeg voordat jy instem.

7 **Bring 'n vriend en bly in openbare plekke**. Stories van kinders wat afdwaal en verlore raak in vreemde plekke waar hulle nie hoort nie, is reeds besig om te versprei. Kinders moet deur 'n volwassene vergesel word en volwassenes moet 'n (verantwoordelike) vriend saamneem.

8 **Hou 'n ekstra battery byderhand**. Die Pokémon toepassing eet jou batterylewe! Dit, saam met die feit dat jy moontlik kan afdwaal in plekke wat jy nie ken nie, kan jou in 'n moeilike (en moontlik gevaarlike) situasie laat beland. Dit is 'n goeie idee om 'n ekstra battery saam met jou te neem, in die geval van nood.

9 **Wees verantwoordelik.** Selfs al reis jy in 'n groep, bestaan die moontlikheid steeds dat jy gaan speel terwyl jy die pad oorsteek sonder om aankomende verkeer dop te hou, van trappe gaan afval, of selfs buite vreemdelinge se huise gaan rondkruip! Virtuele monsters is dit nie werd dat jy 'n ledemaat (of 'n lewe) verloor, of gearresteer word nie. Moenie dat die opwinding van die speletjie jou iets laat doen waaroor jy later gaan spyt wees nie.

**10** Talle polisiestasies het ook reeds waarskuwings uitgereik oor hoe onnosel en gevaarlik dit is om die speletjie oop te maak terwyl jy bestuur of in gevaarlike areas is. 'n Noodlottige ongeluk kan gebeur as jou aandag afgetrek word.

[Verwerk uit: Rooi Rose *19/07/2016* en Maroela Media]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Beskryf die tipe speletjie *Pokémon Go* in TWEE woorde? (1)

1.2 Verduidelik waarom na die spelers as "gebruikers" (Paragraaf 1) verwys word. (1)

1.3 Hoe weet ons dat Suid-Afrikaners nie geduldig wag dat die speletjie eers amptelik bekend gestel word in ons land nie? (1)

1.4 Haal 'n sin uit paragraaf 2 aan wat aandui aan dat die speletjie wêreldwyd ongelooflik gewild is. (1)

1.5 Oor watter TWEE funksies moet 'n slimfoon beskik om die gebruiker se omgewing en die tyd te kan bepaal? (2)

1.6 Hoe, dink jy, word die GPS navigator ingespan om te bepaal waar presies in die wêreld die speler hom op 'n bepaalde oomblik bevind? (1)

1.7 Wat is die doel van die speletjie, volgens paragraaf 3? (2)

1.8 Waarteen waarsku die skrywer ongeduldige gebruikers in paragraaf 5? (2)

1.9 Noem TWEE voorsorgmaatreëls, volgens paragraaf 5, om seker te maak dat die sagteware wat afgelaai word, veilig is. (2)

1.10 Herlees paragraaf 6. Waarom moes die vervaardigers van Pokémon Go alternatiewe maniere skep om die speletjie beskikbaar te stel? (1)

1.11 Wat word bedoel met die uitdrukking "openbare plekke" in paragraaf 7? (1)

1.12 Watter veiligheidsrisiko vir spelers word in paragraaf 7 bespreek? (1)

1.13 Herlees paragraaf 8.

1.13.1 Word die uitdrukking "eet jou foon se batterylewe" letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.13.2 Wat probeer die skrywer met die frase te kenne gee? (1)

1.14 Haal 'n sin uit paragraaf 9 aan wat die hoofgedagte mooi saamvat. (1)

1.15 Dink jy dat dit wel gevaarlik kan wees om jou omgewing te verken met die speletjie? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.16 Verduidelik wat die frase "oop te maak" in konteks van paragraaf 10 beteken. (1)

1.17 Herlees paragraaf 1. Die skrywer verwys na "positiewe punte" van die speletjie, maar brei nie verder uit nie. Kan jy enige positiewe punte wat die speletjie moontlik so gewild maak, self opnoem? (2)

**[23]**

**EN**

**TEKS B: SPOTPRENT**




[Bron: www.bing.com/images/search=pokemon+go+cartoon]

1.18 Watter tipiese gesinsituasie word in die spotprent uitgebeeld? (2)

1.19 Wat is die boodskap wat die spotprentkunstenaar hier wil oordra? (1)

1.20 Die pa se woorde in die spraakborrel word versterk deur sy lyftaal. Bespreek hierdie stelling. (2)

1.21 Verduidelik hoe die term "veilig" in Teks A vanuit 'n ander perspektief beskou word in Teks B? (2)

**[7]**

**TOTAAL (AFDELING A): 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: TEKS C

1. Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming waarin jy aandui **hoe mense in 7 gevalle hulle lewens verloor het met die neem van 'n selfie**.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om die opsomming van 'n titel te voorsien nie.
4. Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

**DIE NEEM VAN SELFIES KAN DODELIK WEES**

Die neem van selfies is al so alledaags, ons merk nie eers meer op as iemand in die openbaar 'n foto neem nie. Ongelukkig neem party mense sulke groot risiko's om die perfekte selfie te kry, dat hulle hul lewens in die proses verloor.

In Januarie vanjaar het 'n student in die Filippyne haarself te pletter geval van die dak van 'n 20-verdiepinggebou af terwyl sy probeer het om die perfekte agtergrond vir haar selfie te kry.

In Februarie vanjaar het drie mediese studente van die stad Bengaluru, Indië verdrink terwyl hulle in 'n besproeiingskanaal beland het in 'n poging om selfies te neem.

In Maart het 'n 16-jarige seun in Chennai, Indië te vêr by 'n treinvenster uitgeleun om 'n selfie te neem, toe hy noodlottig getref is deur 'n aankomende passasierstrein vanuit die teenoorgestelde rigting.

In April vanjaar het 'n man in 'n dieretuin in die Indiëse stad, Hyderabad, gesterf toe hy teen 'n rotswand probeer uitklim, gegly en sy kop teen 'n rots gestamp het. Hy wou skynbaar met sy selfoon 'n goeie skoot van homself met tiere op die agtergrond kry.

Maar dis nie net in Indië en die Filippyne waar selfie-verwante fratsongelukke gebeur nie:

'n Sakeman van China het in 'n wildreservaat in Shangdong verdrink toe hy selfies met 'n walrus geneem.

'n Tiener van Rusland was waaghalsig besig om homself af te neem op die dak van 'n elektriese trein toe hy doogeskok is.

In Seville, Spanje, het 'n Poolse toeris van 'n brug afgeval terwyl hy 'n selfie wou neem en in Mei 2014, het 'n Cessna-loods byna beheer oor sy vliegtuig verloor en homself en sy passasiers amper verongeluk – en dit vir 'n selfie.

[Verwerk uit http://randfonteinherald.co.za/225396/]

**[10]**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

### TEKS D




**Arrr!** Almal weet mos daar is net mooi niks waarvoor seerowers bang is nie. Maar toe iets op die dek van haar pa se skip erger as die asem van 'n hammerkophaai begin ruik, vermoed Sanmarie daar is dalk één ding wat haar seerower-pa en sy dapper bemanning hoendervleis gee.

Hierdie (rym), skreeusnaakse seerowerstorie is die eerste oorspronklike Afrikaanse prenteboek wat tot 'n interaktiewe storie-toepassing (app) verwerk is.

Die heerlike storie kry lewe op jou iPad danksy innoverende animasie, prettige musiek en hope interaktiewe elemente.

Kies tussen 'n selflees-opsie vir beginnerlesers, of 'n lees-en-speel-opsie waarin jy speel-speel van kaptein Kalamari, sy bemanning en die avontuurlustige skeepsmuise lees.

Jy sal mal wees daaroor!

[Verwerk uit: https://itunes.apple.com/za/app/waarvoor-is-seerowers-bang/]

3.1 Wat word in Teks D geadverteer? (1)

3.2 Wie is die teikengroep van die advertensie (op wie is die produk gemik)? (1)

3.3 Waarom is die tussenwerpsel in reël 1 gepas in die konteks van die advertensie? (1)

3.4 Verbeter die spelfout in reël 2. (1)

3.5 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in reël 5. (1)

3.6 Vorm 'n spesifieke vraagsin na aanleiding van reël 7 – 8. (1)

3.7 Waarom is kaptein Kalamari (reël 10) 'n gepaste naam vir 'n seerower? (1)

3.8 Waaruit kan jy aflei dat die leser direk aangespreek word in die teks? (1)

3.9 Gee 'n sinoniem vir "mal" in reël 11. (1)

3.10 Hoekom, dink jy, pas die prent (illustrasie) goed by die advertensie? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Bestudeer die teks hieronder noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: facebook.com/volksbladnuus]

4.1 Gee die twee stamwoorde waaruit die woord *Volksblad* saamgestel is. (1)

4.2 Vorm 'n samestelling waarin die kern van die woord "lewensdrama" (onderstreep)as die bepaler gebruik word. (1)

4.3 Verander die selfstandige naamwoord "waarheid" (spraakborrel 2) in 'n werkwoord. (1)

4.4 Gee 'n gepaste antoniem vir die woord "waarheid" in spraakborrel 2. (1)

4.5 Verdeel die onderstreepte woord "lewensdrama" lettergrepe. (1)

4.6 Gee die ontbrekende trappe van vergelyking van die woord "vreemder" in spraakborrel 2. (1)

4.7 Gee 'n sinoniem vir die woord "reken" in spraakborrel 3. (1)

4.8 Gee die funksie van die ellips in spraakborrel 3. (1)

4.9 Verduidelik die woordspeling in Brad Pitt se van in spraakborrel 3. (1)

4.10 Herskryf die meerkat se woorde in spraakborrel 2 in die indirekte rede. Begin jou antwoord met, *Die meerkat sê …* (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

**Verslawende speletjies?**




1. Die tydskrif *Time* het berig dat daar in onlangse tye in Suid-Korea groot belangstelling in die internetspeletjie *Lineage* was.

2. In hierdie speletjie veg deelnemers in 'n Middeleeuse wêreld teen mekaar.

3. Die speler vorder deur verskillende vlakke en probeer spesiale range bereik. As die speler deur verskillende vlakke kan vorder, laat dit hom al hoe suksesvoller voel. Die tyd wat 'n speler aan sy karakter bestee, word 'n belegging. Dit gee die speler 'n gevoel van bevrediging wat hom teruglok.

4. Party jongmense speel die hele nag lank. Hulle sukkel dan om die volgende dag by die skool wakker te bly. Ouers is bekommerd, maar weet nie altyd hoe om die probleem te hanteer nie. Een jong speler het in ’n onderhoud verduidelik: “Wanneer mense my op die internet ontmoet, dink hulle ek is slim, maar wanneer hulle my persoonlik ontmoet, sê hulle ek is (vet) en moet gewig verloor.”

5. Die Koreaanse sielkundige, dr.Joonmo Kwon verduidelik waarom hy dink *Lineage* so gewild geword het: “In die werklike wêreld, in Suid-Korea, moet jy jou ambisies en verborge begeertes onderdruk. In die speletjie kan jy jou uitleef.” Jongmense ontvlug dus in ’n fantasiewêreld. Vir die speler is die speletjieswêreld baie aantrekliker as die werklikheid.

[Verwerk uit : http://wol.jw.org/af/wol/d/r52/lp-af/102002922#h=2]

5.1 Gee die enkelvoud van die onderstreepte woord in paragraaf 1 (1)

5.2 Herskryf die sin in paragraaf 2 in die verlede tyd. (1)

5.3. Vorm ‘n selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)

5.4 Skryf die bywoordelike bepaling in die onderstreepte sin in paragraaf 4 neer. (1)

5.5. Verbind die eerste twee sinne in paragraaf 4 met die die voegwoord “omdat”. (1)

5.6. Wat is die betekenisfunksie van die agtervoegsel in die onderstreepte woord in paragraaf 4. (1)

5.7. Gee die intensiewe vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 4. (1)

5.8. Skryf die afkorting dr. in paragraaf 5 voluit neer. (1)

5.9. Vervang die kommas in die parentese/inlasgedeelte (paragraaf 5) met ander gepaste leestekens en skryf dit op jou antwoordblad neer. (1)

5.10 Skryf die gesegde van die onderstreepte sin in paragraaf 5 neer. (1)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL 70**